

Die Burger
KIMBERLEY

Kommer oor Kamfersdam se bedreigde kleinflaminke

HANNATJIE VAN DER MERWE

Kimberley

Groot kommer heers oor die voortbestaan van dié dorp se wêreldbekende kleinflaminke by Kamfersdam.

Benewens ander bedreigings is lede van die vereniging Red die Flaminke ook bekommerd oor die dam se watervlak.

Dit styg in só 'n mate dat dit dalk die eiland in die dam en spoorlyn kan oorstrom weens rioolwater wat by die dam ingepomp word.

Die minister van waterwese en omgewingsake is weer eens gevra om in te gryp.

“Ekapa Mining het tot dusver al sowat 5 000 sandsakke om die eiland gepak,” het mnr. Peter Hohne, besturende direkteur van Ekapa Mining en voorsitter van die veldtog, gesê.

As die watervlak verder styg, kan dié dringende maatreëls futiel wees. Sodra die somerreëns in Oktober begin, word die eiland dalk heeltemal oorstrom.

Red die Flaminke sê in 'n verklaring 'n hersiening gaan gevra word van die afwysing van die appèlle teen die beplande Northgate-ontwikkeling by die dam.

Die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewingsake en natuurbewaring en die departement se LUR moet hul omstrede besluit om dié ontwikkeling goed te keur in die hof verduidelik, lui die verklaring.

Die appèlle van die Northern Cape Ranchers Cc., Wessa Noord-Kaap, Red die Flaminke en BirdLife Suid-Afrika is van die hand gewys.

Die kunsmatige broei-eiland in die dam is die enigste van sy soort vir kleinflaminke in Suid-Afrika.

Dis net een van vier plekke in Afrika en een van ses in die wêreld waar dié spesie kunsmatig geteel word.

Verlede jaar het sowat 9 000 kuikens op die eiland uitgebroei.

Dr. Mark Anderson, uitvoerende direkteur van BirdLife Suid-Afrika, het gesê die broeiery het verlede somer nóg groter sukses behaal en sowat 13 000 kuikens het op die eiland uitgebroei.

Dit beteken kleinflaminke het twee agtereenvolgende jare hier gebroei – iets wat selde by ander broeiplekke gebeur.

Kamfersdam kan al hoe belangriker vir die bewaring van kleinflaminke word.

Ekapa Mining se projek het plaaslik en internasionaal erkenning gekry en drie eerbewyse ontvang.

Die verklaring lui die vleiland en kleinflaminke se twee grootste bedreigings is die beplande Northgate-behuisingsontwikkeling van sowat 6 000 eenhede enkele honderd meter van dié internasionaal belangrike vleiland af, en die Homevale-rioolwerke, wat byna net onbehandelde rioolwater by Kamfersdam inpomp.

Kundiges is gevra om die dam se water te ontleed.

Die uitslae is skokkend.

Dr. Jan Roos, 'n deskundige van watergehalte van Bloemfontein, het bevind baie hoë vlakke van coliform-bakterieë in die water dui daarop dat gevaarlike siektekieme aanwesig kan wees.

Dit kan die gesondheid van die flaminke en die omgewing se mense nadelig beïnvloed.

Red die Flaminke het me. Buyelwa Sonjica, minister van waterwese en omgewingsake, skriftelik gevra om in te gryp en te verseker dat die probleme oor die gehalte van dié water aandag sal kry.

“Dit lyk nie of Kimberley se Sol Plaatje-municipaliteit die kundigheid of geld het om die probleme aangaande die agteruitgang van die watergehalte op te los nie,” lui die verslag.

Kamfersdam kan ook 'n belangrike bestemming vir ekotoerisme word.

Mense van oor die wêreld heen kan na die flaminke kom kyk.

Dit kan 'n belangrike bydrae tot die stad se ekonomie maak.